El Zera Privaatskool

saad wat op goeie grond val

Protokol vir die heropening van skool

El Zera Privaatskool

saad wat op goeie grond val

1 OPERATIONELE BESTUURDERS

STEPHANIE GROBLER	LAERSKOOL
QUINTIN VAN BILJON	HOËRSKOOL

2 OPERASIONELE SPAN

STEPHANIE GROBLER	KANTOOR EN BESOEKERS
QUINTIN VAN BILJON	KANTOOR EN BESOEKERS
WILH-MARIÉ BOTHA	ONDERSTEUNINGS PERSONEEL
ALEXANDER VENTER	INTERMEDIÊRE FASE
ROCHELLE BOTHA	GRONDSLAGFASE
ALLE PERSONEEL	ALLE AREAS

3 PERSONEEL EN KURRIKULUM

- Die skool se dagrooster word geherorganiseer om voorsorg te maak vir ‘n *peleton* benadering. Tye is as volg:
    - Grondslagfase (24) en Senior fase (6) gaan skool vanaf 07:00 – 11:30
    - Intermediêre fase (46) gaan skool vanaf 12:30 – 17:00
- Onderwysers en personeel ouer as 60 jaar, werk van die huis af met fasiliteerders om leerders in daardie betrokke personeellid se klas te vergesel en by te staan.
- Leerders met mediese kondisies wat nie skool kan bywoon nie, word steeds gehelp met aanlynskool.
- Personeel moet ‘n paar minute vroeër opdaag om die vraelys te voltooi en register in te vul vir die sifting.
- Alle sport word vir eers opgeskort en individuele fiksheid word aangemoedig.
- Ons buitemuurse program sal aangepas word, waar iets soos byvoorbeeld dans op die grasperk aangebied sal word, met genoeg sosiale distansiëring en skaak sal aanlyn gespeel word op rekenaars.
- Ons Lewensoriëntering kurrikulum is reeds hersien om voorsien te maak vir inligting en oriëntasie oor COVID-19, asook om die emosioneel uitvalle wat veroorsaak mag wees weens die grendel tydperk aan te spreek.

4 LEERDERS

- Leerders moet hulle hande ontsmet elke keer voordat hulle by ‘n klaskamer ingaan.
- Leerders en onderwysers moet verseker dat daar goeie ventilasie in die klasse is.
- Alle leerders moet sorg dat hulle eie boeke en skryfbehoeftes gedurig deur goed ontsmet word, en hulle moet dit in die klas los.
- Leerder bring slegs hulle kos elke dag skool toe.
- Leerders mag met gemaklike gewone klere skool toe kom aangesien klere elke dag gewas moet word.
- Leerders sal nie klasse wissel deur die verloop van die dag nie. Die klaskamers is opgestel om te voldoen aan die riglyne van sosiale distansiëring.
- Elke graad sal apart pouse hou met ‘n personeellid aan diens om toesig te hou, sodat sosiale distansiëring wel plaasvind.
- Alle leerders moet ‘n materiaal gesigmasker dra wanneer hulle die skoolperseel betree.

5 POUSES

- Daar word vir elke graad ‘n spesifieke tyd en area geallokeer vir pouse.
- Gedurende pouse sal ‘n personeellid verseker dat daar sosiale distansiëring tussen leerders is soos vereis.
- Leerders sal nie toegelaat word om hulle kos met mekaar te deel nie.
- Alle leerders moet hulle hande ontsmet voor en na pouse.

6 SKOOLTYE

GRADE	AFLAAI TYD	OPLAAI TYD
Graad R - 3	07:00 - 07:30	11:30 - 12:00
Graad 4 - 7	12:00 - 12:30	17:00 - 17:30
Graad 8	06:30 – 06:50	11:00 – 11:30

7 BESOEKERS EN KONTRAKTEURS

- Alle besoekers aan die skool en alle kontrakteurs wat werk by die skool verrig sal deur die siftingstoets gaan en alle nodige stappe moet volg.
- Alle persoonlike pakkies en aflewerings by die skool sal eers met ‘n oppervlak ontsmettingsmiddel gespuit word voordat dit ingeneem word na die kantoor.
- Alle besoekers sal slegs per afspraak op die skool perseel toegelaat word.

8 WANNEER ‘N KIND OF PERSONEELLID COVID-19 SIMPTOME TYDENS SKOOLURE BEGIN VERTOON

Die leerder:

Stap 1: Die leerder sal onmiddellik in isolasie geneem word.

Stap 2: Wilh-Marié Botha sal dadelik in kennis gestel word van die leerder.

Stap 3: Die betrokke ouers sal deur Stephanie Grobler of Quintin van Biljon gekontak word sodat hulle die kind na die naaste hospitaal kan neem.

Stap 4: Hierna sal die skoonmakers/ondersteunings personeel ingelig word om dadelik betrokke areas skoon te maak en te ontsmet.

Die personeellid:

Stap 1: In die geval van ‘n personeellid sal die betrokke personeellid dadelik gevra word om die perseel te verlaat.

Stap 2: Hierna sal die skoonmakers/ondersteunings personeel ingelig word om dadelik betrokke areas skoon te maak en te ontsmet.

9 BASIESE SANITASIE EN HIGIËNE

Die skool beskik reeds oor die volgende as deel van hulle higiëne en sanitasie pakket:

- Een infrarooi termometer
- Gesigskerms
- Gesigmaskers
- Lopende water
- Handseep
- Waterlose handreiniger
- Oppervlak ontsmettingsmiddel

Drie personeellede is beskikbaar gestel om soggens en smiddae by ‘n inkomstasie die volgende te doen:

- Elke personeellid en leerder se temperatuur te neem en aan te teken.
- Hande te ontsmet.
- Maskers na te gaan.

Die skool is reeds voor heropening gesaniteer en skoongemaak. Alle skoolfasiliteite word twee keer ‘n dag deeglik ontsmet; badkamers sal gedurende die skooldag elke uur ontsmet word.

‘n Isolasie-kamer is in plek om enige leerder of personeellid wat COVID-19 simptome toon, dadelik te isoleer. Indien ‘n personeellid of leerder simptome toon, sal die departement van onderwys en

gesondheid in kennis gestel word. Beide departemente se kontakbesonderhede is reeds in die admin-kantoor duidelik sigbaar.

10 SKOOL INFRASTRUKTUUR

- Klasgrootte is kleiner as 15 leerders per klas, wat in ooreenstemming is met die departement van onderwys se SOPS, wat vermeld dat leerders se klasse nie groter as 20 mag wees nie.
- Slegs een leerder word per lessenaar toegelaat, met genoeg afstand tussen leerders vir sosiale distansiëring.
- Die skool beskik oor slegs een ingang en die vloei van verkeer is so uitgelê dat alle leerders deur die inkomstasie beweeg vir die siftingstoets.
- Die skool beskik oor voldoende heinings om beweging in en uit die skool te beheer.
- Daar is genoeg ablusie fasiliteite (1-15).
- Areas wat tans nie gebruik sal word nie is die rekenaarlokaal, alle speel toerusting, die klank terapie lokaal en sandputte.

11 VERVOER

- Geen publieke vervoerdienste is beskikbaar nie. Ouers is self verantwoordelik vir die vervoer van hulle kinders.

12 ORIËNTASIE VAN PERSONEEL EN LEERDERS

- Deeglike opleiding is aan die personeel voorsien rakende veiligheid en higiëne.
- Leerders ontvang opleiding wanneer hulle terug is by die skool.

13 SKOOL VOEDINGSKEMA

Nie van toepassing op ons skool nie, aangesien ons nie oor ‘n snoepie of kafeteria beskik nie. Ouers is verantwoordelik om hulle kinders se eie kospakkies te pak en te voorsien.

14 KOMMUNIKASIE

- Daar word gereeld inligtingsbriewe na ouers gestuur om hulle op hoogte te hou van die stand van sake rakende die COVID-19 pandemie, asook hoe dit skoolaktiwiteite raak.
- Alle leerders ingeskryf by die skool en van wie daar kommunikasie van die ouers ontvang is dat hulle hulle kinders tuis gaan hou, sal as aanwesig gemerk word. Dit geld ook vir hoë risiko personeellede wat van die huis af moet werk.
- Briewe, asook 'n video, word aan al die ouers uitgestuur om hierdie protokol tydens die heropening te verduidelik.
- Alle rekords van leerders en personeel se simptome is streng privaat en sal vertroulik hanteer word.
- Enige navrae word direk verwys na Stephanie Grobler of Quintin van Biljon om akkurate en eenvormige kommunikasie te verseker.

15 PSIGO-SOSIALE DIENSTE

- Die skool se terapie-span is funksioneel.
- Daar is 'n databasis van sielkundiges, maatskaplike werkers en ander nodige partye beskikbaar, sodat ouers en leerders verwys kan word, sou hulle dit nodig hê.

16 OUER ONDERSTEUNING

'n Brief is aan die ouers gestuur waarin hulle die volgende onderneem:

- Om hulself deeglik te vergewis van die simptome van *Covid-19*.
- Enige simptome wat verband hou met die *Covid-19* virus, dadelik aan die skool asook hulle huisdokter, te rapporteer.
- Hulle kind by die huis te hou indien hy/sy **enige** van simptome van *Covid-19* toon.
- Hulle kind dadelik te kom haal as hy/sy simptome by die skool begin toon.
- Goeie higiëne by hulle kind te kweek en self 'n voorbeeld daarvan te wees met betrekking tot die gereelde was en sanitering van hande, korrekte hoes-/niesetiket en sosiale distansiëring.
- Daagliks vir hulle kind sy/haar eie gesonde kospakkie te voorsien.
- Te sorg dat hulle kind sy/haar eie skryfbehoeftes het en toe te sien dat dit daagliks by die skool is.
- Onder geen omstandighede hulle voertuig binne die skoolperseel sal verlaat nie, maar slegs hulle kind aflaai en weer oplaai.
- Enige ouer wat die skoolperseel betree, moet 'n afspraak hê en moet by ontvangs aanmeld vir 'n siftingstoets, waar hulle koors gemeet en hulle hande ontsmet word.
- Ouers en kinders wat die skoolperseel betree, moet 'n gesigmasker dra.
- Hulle kind te voorsien van 'n gesigmasker, asook 'n handreiniger.
- Hulle kind se gesigmasker daagliks te was in kookwater en sout / 'n ontsmettingsmiddel.
- Hulle kind betyds smiddae by die skool op te tel.

El Zera Privaatskool

saad wat op goeie grond val